

# CHIPS

VOL 36 NO 2 • MARCH / APRIL 2022



LIMPOPO-KULTIVARPROEF  
ONDER BESPROEIING  
OP DENDRON IN 2021

DIE AARTAPPELBLAARMYNER:  
BEHEEROPSIES  
TEEN DIE PAPIES

Kultivarprestasie op  
varsprodukemarkte

A diversified approach  
for greater liquidity

#PassThePotato:  
Giving back is good business

# Deel 7: Sclerotinia-verwelk

Deur Chantel du Raan, Aartappels SA

<b>Sclerotium rolfsii</b>	1	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Grondgedraagte patogeen.</li> <li>• Nie 'n ernstige probleem nie, maar gevalle is aangemeld waar verliese gely is.</li> <li>• Hierdie siekte word versprei via draadagtige wit filamente en sklerotium (ronde, kompakte, verharde swammiselium) in plantreste en besmette grond (Foto 1 en 2).</li> <li>• Besmette knolle word in warm, nat toestande opgemerk en gewoonlik aan die einde van die groeiseisoen waargeneem.</li> </ul>	2	<b>Simptome</b> <p>Sklerotium wat besig is om te vorm.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Grondgedraagde sklerotia dring stambasisse binne en vorm waaieragtige wit miseliumgroei wat na die knolle versprei (Foto's 1, 2, 3 en 4).</li> <li>• Witterige miselium groei op die knolle en is baie kenmerkend (Foto's 1, 2, 3 en 4), so ook die teenwoordigheid van sklerotium (Foto 1 en 2).</li> <li>• Die onderste blare raak chloroties, waarna die hele plant verwelk.</li> <li>• Nadat knolle geoes is, droog die wit miselium uit en word dit nie werlik opgemerk nie.</li> <li>• Vrot knolle kan ook skouspelagtige simptome ná oes toon, met talle swart sklerotia wat uitbars.</li> </ul>
<b>Gunstige toestande vir siekte-ontwikkeling en alternatiewe gashere</b>		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hoë temperature (28 tot 30°C) en hoë relatiewe humiditeit.</li> <li>• 'n Wye alternatiewe gasheerreks: ten minste 500 spesies in 100 families is vatbaar.</li> <li>• Enkele belangrike gewasgashere sluit in tamatie, mielies, bone, patats, ui, kool, pampoen, tabak, peulgewasse, wartlemoen, spanspek, wortels, beet, mostert, sojabone, soetrissies en grondbone.</li> <li>• Enkele belangrike voer- en onkruidgashere sluit in lusern, kruisvingergras, kweekgras, muggiegras, uintjies, breëblaarterpentyngras, nastergal, olieboom, misbredie, perdeblom en klawer.</li> <li>• Swamme kan op reste van alternatiewe gashere oorleef.</li> </ul>	3	
<b>Beheermaatreëls</b>		
	4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Goeie bestuurspraktyke is die enigste manier om die siekte doeltreffend te beheer.</li> <li>• Geen swamdoder is vir die beheer van die siekte in Suid-Afrika geregistreer nie.</li> <li>• Verwyder of ploeg plantreste diep in (minstens 20 cm).</li> <li>• Verwyder en vernietig besmette plante (sanitasie).</li> <li>• Beheer gasheeronkruide.</li> </ul> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Pas wisselbou toe met nie-gasheerplante.</li> <li>• Digte loofontwikkeling (bv. hoë stikstofbemesting) verhoog die risiko van skade deur 'n hoë voginhoud aan die basis van die stamme te onderhou.</li> <li>• Spasieer plante wyer uitmekaar waar siekte 'n probleem is.</li> <li>• Vermy 'n digte plantestand.</li> <li>• Besproeiingstydperk – verkort blaarbenuttingstydperke. C</li> </ul>

**Bronne:** • Denner FDN, Venter, SL. 2011. Handleiding vir Aartappelproduksie in Suid-Afrika.

- FN3PT-, GNIS-, Arvalis-Institute. 2011. A Practical Guide to Disease, Pests and Disorders of the Potato.
- Bradshaw et al., 2007. Potato Biology and Biotechnology Advances and Perspectives.
- Agrios, G.N., ed. 1978. Plant Pathology. Fifth Edition. Academic Press, New York.
- Pfeifer E, Bradley C, Gauthier N. 2018. Fact sheet: Southern Blight. University of Kentucky.

Vir meer inligting, kontak  
Chantel du Raan by  
[chantelr@potatoes.co.za](mailto:chantelr@potatoes.co.za).